KOMMUNIKAMMA

NG KERK
KRAGGAKAMMA
ONS IS GOD SE FONTEIN VAN LIEFDE

Teks vir die week:
Fil 1:9 "Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge kan onderskei waarop dit werklik aankom."

Ons dank die Heer vir 'n geseënde nagmaalsdiens en is dankbaar dat ons Sy liefde mag uitdra, al is ons maar net kleipotte wat maklik breek.

SAKE VIR GEBED

* Willie Moller ondergaan toetse in die hospitaal.
* Annatjie Vivier wat herstel na 'n groot motorongeluk.
* Irma Loots ontvang steeds behandeling.
* Cindy Ross in in die hospitaal vir behandeling.

* Ons bid vir almal wat geliefdes aan die dood moes afstaan in die afgelope tyd, ook vir hulle wat finansieel of emosioneel swaarkry.

* Ons bid vir al die droogte geteisterde gebiede in ons land en smeek om uitkoms. Ons eie damme het water nodig. Ons dank die Heer vir gebiede waar dit goed gereën het..

*Bid vir Kleinskool en al die Noordelike gebiede wat daagliks die gevolge van bendegeweld beleef. Bid dat Christene hul lig daar sal laat skyn.

* Bid vir die kinders en personeel van MTR-Smit kinderhuis.

Gebedsversoek: Soedan

** Bid vir geleenthede vir Christene in Soedan om plekke van aanbidding te hê sonder vrees vir vernietiging.*

SONDAG 3 MAART 2019

08:30 Eietydse diens
Kleuterkerk
Geen kategese
10:00 Klassieke diens
11:00 Jeugpiekniek by Westview lapa

Teebeurt vandag: Madeliefie en Protea selle
Teebeurt 10 Maart: Voetspore en Tulpe selle

Daar is Kerkbodes by die deure beskikbaar

Deurdankoffer - Gideons

MAANDAG 4 MAART
09:30 Nagmaal by KKU
12:45-14:00 Gebedskild in die gebedskamer.

DINSDAG 5 MAART
11:00 Nagmaal Stella Londt
Leefkerk.

WOENSDAG 6 MAART
10:00 Nagmaal CP Bradfield
18:30 Aswoensdag diens by kerkgebou (Begin van lydenstyd)

Ons gemeente vier 46 jaar van genade
Lees meer op ons webwerf www.ngkraggakamma.co.za oor ons gemeente se geskiedenis, die simboliek van die kanselklede en die omgewingstoekenning aan Kraggakamma Arboretum.

VRYDAG 8 MAART
MANNEBYEENKOMS
05:00 By Elandré Bosch, Lilylaan 68.

SONDAG 10 MAART
08:30 Eietydse diens
09:45 Kategese
10:00 Klassieke diens

KERMIS – WITOLIFANTTAFEL
Die Witolifanttafel is op soek na enige bruikbare artikels. Bring dit na die kantoor van Dinsdag tot Vrydag.
Daar word ook asb na konvenors gesoek vir die volgende: Jaffels, vetkoek en speletjies.

Pryse word benodig vir die lotingsboekie kompetisie.

Indien iemand weet van trofee jagters wat vleis sal skenk vir die kermis, kontak asb Hendré Potgieter, sel 083 459 2444.

NUWE INTREKKERS
Vul die groen vorm in die voorportaal in. U kan ook die kerkkantoor kontak by tel 041-3601484 of 'n e-pos aan Anita by admin@ngkraggakamma.co.za.

VERBLYF BENODIG
Gavin, ons motorwag by die kerk is asb op soek na slaapplek tot einde April. Hy wag vir permanente blyplek in 'n woonstelblok in William Moffet.
Hy slaap op die oomblik in 'n pakkamer by Stella Londt sportgronde.
Indien enige iemand kan help, kontak asb die kerkkantoor.

MIGHTY MEN 8-10 MAART 2019
Die Mighty Men Oos-Kaap gebeure vind oor 12 dae plaas. Kry al jou inligting by www.mightymeneasterncape.co.za

VRUGTEMARK – BYBELGENOOTSKAP
Op 16 Maart 2019 hou die Bybelgenootskap hul jaarlikse vrugtemark. Ondersteun ons asseblief.
Tyd: 07:30
Adres: Cotswoldlaan 31.
Hierdie is ons 21ste bestaansjaar met hierdie projek.
Daar sal lekker vars vrugte, groente en tuisgemaakte konfyt wees.
Vir navrae kontak: Clair/Anneke by 041-3641138.

DE DUIN GEMEENTE POTJIEKOSKOMPETISIE
Datum: 9 Maart
Kom ondersteun asb ons potjiekos-kompetisie by De Duin gemeente.
Tyd: 10:30 – 14:00
Ete: R50
Poeding: R10
Pannekoek: R3
Koffie: R10
Vir navrae skakel: 041 585 4130.

MTR SMIT KINDEROORD
Almal word hartlik uitgenooi na 'n *Musiek Trivia* op 9 Maart 2019 om 18:30 by die Duitse klub.
Kaartjies: R50 per persoon
Kos en drinkgoed sal te koop aangebied word.

There4-Bedieninge
Janine en Therèse besoek die Midde-Ooste 24 April om vrouens te gaan bemoedig.

Jy kan deel wees van hierdie reis deur saam te bid; of op praktiese maniere betrokke raak deur van die volgende items te voorsien:

Bedsokkies, gehekelde kruisies, filterkoffie, boksies sjokolade en smarties, inkleurboeke, kryte, springtoue, en tennisballe, asook kostuumjuwele. Kontant donasies om kospakkies te voorsien aan Christene wat deur ISIS ontwortel is.

Kontak gerus ons kantoor indien jy betrokke wil raak by 041-3601946.

VERBETERINGE AAN DIE KERKGEBOU
Die 1ste fase van verbeteringe aan die kerkgebou sluit die bou van 'n verhoog, verbeteringe aan die moederskamer en klank in. Die tenderdokumente hiervoor is gereed. Kontrakteurs kom eerskomende Woensdag 11:00 by die kerkgebou bymekaar.
Indien u bewus is van 'n kontrakteur wat wil tender vir die bouwerk, kontak asb die kerkkantoor. Daar word beplan dat die bouwerk tydens die Junie/Julie vakansie gedoen sal word. Terwyl die bouwerk gedoen word, sal alle eredienste in die saal plaasvind.

SKOENBOKSPROJEK WERKSWINKEL
Op Donderdag 14 Maart 2019 vanaf 17:00 – 19:00 kom almal wat wil help om skoenbokse te help verf, verpak ensovoorts bymekaar in konsistorie.
Die volgende items word nog benodig:
Kleurkartonne
Katoentou
Hout wasgoedpennetjies
Bottelproppies
Pypskoonmakers (gekleurdes)
Boontjiesakkies
Enige klein plastiekhouers/bakkies om proppies in te sit in skoenbokse, bv yogurtbakkies, klein margarien bakkies of klein aquasroom bakkies.
Rsvp asb vir Liesel by 083 381 4907 indien jy kan help.

Gebruik SnapScan en betaal jou:
Dankoffer
Maandelikse Bydrae
Donasie, ens..